# DIE SKIETLOOD

245e Uitgawe 12 Desember 2025

saam met Koersvas 245

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.


## HEIDELBERGSE KATEGISMUS

**Sondag 4**
**Vraag 11 vervolg:**
**Kommentaar**.

Die ewige straf en ellende is in die vorige uitgawe bespreek. Nou kom die tydgebonde ellende en beproewings aan die beurt. Hierdie tema is kompleks en daar is baie sake wat aan die orde kom, juis omdat dit ons hier en nou raak.

Die allesomvattende aard van ellende is opvallend. Slegte en goeie mense, bose mense en geregverdigde mense word almal deur rampe getref. Armoede, siekte, pyn, depressie, onderdrukking, oorloë, angs, spanning, teenspoed en eindelik die dood tref alle mense op aarde. Nie almal ewe erg nie, nie almal ewe lank nie, maar nogtans is almal aan die ontvangkant van hierdie tydgebonde beproewing van die lewe. Tog is daar ‘n onderskeid wat getref moet word. Die ellende is straf vir die goddelose, vir gelowiges is ellende iets wat anders interpreteer moet word weens die kruis.

Die verband tussen sonde en straf is nie werklik so eenvoudig om aan te dui nie. Dit is nie so dat elke beproewing aan ‘n besondere sonde gekoppel kan word nie. Daarmee saam kan dieselfde beproewing die gelowige en die ongelowige tref. Dit is die gevolg van sonde. Die verskil tree in by die verwerking van hierdie beproewing.

Om dit duidelik te stel; die ellende – die straf en die beproewings - wat deel is van hierdie lewe, is die gevolglike straf en vernietiging van hulle wat aan sonde skuldig is. God se geregtigheid eis niks minder nie. Die wet eis gehoorsaamheid of straf. Hierdie tydgebonde straf is net ‘n gedeelte van die straf wat uitgedeel word. Daar is vlakke van straf, van klein tot groot, van tydgebonde tot ewige straf. Daar is reeds oor die ewige straf gepraat, dit is nou die straf in hierdie bedeling wat aan die orde kom. Ursinus maak die punt dat net soos elke deel van lug - lug genoem word, net so word elke deel van straf dieselfde genoem – straf.

Ursinus onderskei ook drie vlakke van straf gebonde aan tyd. Die eerste vlak van straf is die alledaagse ellende wat die begin van die geknaag is deur die wurm, ‘n geknaag wat nooit ophou nie. Die tweede vlak is die tydelike dood wat almal ervaar en die derde vlak is die dag van oordeel waar die mens in die ewige poel gewerp word. Die kruis is op ‘n besondere manier die kruispunt (die fokuspunt) van al drie hierdie toepassings; op die kruis is al die lyding/straf saamgevoeg, die kruis loop uit op die dood (enige persoon wat gekruisig word sal sterf) en so ervaar daardie gekruisigde die oordeel oor die sonde.

Net soos Dawid van sy ryk gejaag is om tot die besef te kom dat die Here God is, net so is die Here soms besig om Sy kinders te tugtig – om hulle tot die besef te laat kom dat hulle uit eie wese tot niks in staat is nie. Dit is die Here wat in sagte genade die gelowiges terugroep

na die gelowige pad, die Here wat in verdraagsaamheid Sy kinders terugroep na die regte pad. Dit roep tot berou en bekering, niks anders nie. Hierdie tugtiging moet nie verstaan word as bloot net straf nie, maar die uitvoer van Goddelike geregtigheid - so asof God Sy hand iets slegs toelaat om die gelowige iets van die verdiende straf te laat ervaar. Job se lyding wys ons op 'n volgende vorm van ellende, die ellende wat ons geloof laat verdiep, ons hoop toets en ons geduld laat strek om ons te toets in ons getrouheid. Dit alles roep gelowiges tot 'n lewe as martelare, as geloofsvoorbeeld vir die geslagte wat kom.

Ons kan die ellendes van die sondes as volg opdeel. Daar is die tydgebonde ellende en die ewige ellende van die hel. Die ewige straf tref net die ongelowiges. Tydgebonde ellende tref gelowiges en ongelowiges. Vir die ongelowiges is die ellendes straf vir hulle sondes, nie altyd proporsioneel nie, maar altyd daar. Dit het ook geen heilsame uitwerking nie. Vir gelowiges is die tydgebonde ellendes via die kruis iets anders. Dit kan tugtiging wees, teregwysing, martelaarskap of versterkende suiwering. Die ellendes wat gelowiges tref in tyd, is nooit straf nie, dit het altyd 'n heilsame uitwerking en is gerig daarop om die verhouding met God deur die kruis heen versterk.

Watter troos bring hierdie belangrike onderskeid? Volgende uitgawe skenk ons aandag aan hierdie saak.